

Die Verborgenskap van Christus

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B183a Eng/Afr.

Skriflesing uit Kol.4:1-6

Kernvers : 3,4 – ‘en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die Woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeië is, dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te doen.’

Paulus vra hier vir gebed sodat hy die verborgenheid van Christus bekend mag maak. En mag die Here hierdie verborgenheid ook so aan ons predikers openbaar dat hulle dit bekend sal kan maak in hierdie tyd dat mense dit sal verstaan.

As ons na die Bybel kyk vanaf Genesis tot Openbaring sal ons sien dat hier ‘n sentrale Persoon is wat die middelpunt in hierdie boek is en Sy Naam is Jesus! Tog het dit so verborge gebly.

Die feit dat daar so baie kerke in die wêreld is en so baie beskouinge behoort ons juis na ons knieë te neem om te bid en te vra: Here! Daar is nog so baie wat verborge is...

Iets wat gesien kan word is maklik om te verstaan of om te verduidelik. In teenstelling met iets wat nie gesien kan word nie – daarom dat daar soveel interpretasies is oor die Here Jesus Homself! Nogtans is Hy die sentrale tema van die ganse Bybel.

Daar reg in die begin toe Adam en Eva gesondig het, en die Here by hulle kom staan het nadat Hy gevra het: ‘Adam, waar is jy?’ was die slang ook daar en die Here het ‘n vloek oor hom uitgespreek asook oor die mens. God het daar verwys na die Saad wat sou kom om die slang se kop te verbrysel maar hy sou die mens in die hakskeen byt.

Daarvandaan dwarsdeur die Woord, loop die Here Jesus in al Sy heerlijkheid. Elke keer wanneer die Israëliete die lam moes offer het hulle opgekyk na dié Lam wat sou kom om die sonde van die wêreld weg te neem; om al die tranes af te droog .

En om weer die Godsplan op die aarde te herstel!